

MEI 2007

Dien eerder jou eis betyds in: Die tydsbeperking is geldig

Kry die opsie om te koop klousule reg

Lees tog die bepalings van die ooreenkoms

Benut dit of verloor dit dalk

Gronde vir likwidasië?

Tekstiel goedere en die etiket

Werkgewers en die korrekte gebruik van 'n proeftermyn

Huwelike en domisilie

Webwerf van die maand: Die formule vir geluk



Gestig 1962

**H O N E Y
P R O K U R E U R S**

[Tel +21 \(021\) 941 7777](tel:+21(021)9417777) | [Faks +21 \(021\) 941 7800](tel:+21(021)9417800) | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

Die inligting in hierdie dokument is van algemene aard en word nie beskou as regsadvies nie

DIEN EERDER JOU EIS BETYDS IN: DIE TYDSBEPERKING IS GELDIG

Die Grondwetlike Hof het nou uitdruklik beslis dat tydsbeperkingsklousules (dikwels te vinde in versekeringskontrakte) wel grondwetlik is.

In die betrokke saak het die versekeraars 'n eis van hul kliënt verwerp. Die ooreenkoms het bepaal dat die versekerde dan binne 90 dae dagvaarding teen die versekeraar moes uitreik, anders verval die reg om te eis. Die versekerde het nie binne 90 dae dagvaarding uitgereik nie en op grond hiervan is die latere eis van die hand gewys. Die Grondwetlike Hof beslis dat die 90 dae klousule voldoende en billik was; die argument dat dit teen die openbare beleid sou wees en dat dit normale toegang tot die Howe sou beperk, is verwerp.

Soos met alle gevalle waar daar tydsbeperkings of moontlike tydsbeperkings ter sprake is, is dit raadsaam om vroegtydig behoorlike regsadvies te verkry.

KRY DIE OPSIE OM TE KOOP KLOUSULE REG

Vir 'n huurder mag dit belangrik wees om 'n klousule in die huurkontrak te hê, wat hom die reg gee om die huureiendom teen 'n ooreengekome prys te koop, by die verstryking van die huurkontrak. Maak dan seker dat die klousule reg bewoord is en behoorlik uitgevoer word.

As jy waarskynlik verbandfinansiering gaan benodig wanneer jy eendag jou huureiendom wil koop, moet die bewoording van die opsieklousule in die huurkontrak, vanuit die staanspoor hiervoor voorsiening maak.

In 'n onlangse geval het 'n huurder, in die uitoefening van sy opsie om te koop, probeer om die aanbod om te koop onderhewig te maak aan die verkryging van verbandfinansiering. Die Hof bevind dat die huurder slegs 'n onvoorwaardelike aanbod kon maak en dat dit te laat sou wees om die kooptransaksie onderhewig te maak aan verbandgoedkeuring. Die huurder, wat 'n koper wou raak, was dus sy geleentheid om te koop kwyt.

LEES TOG DIE BEPALINGS VAN DIE OOREENKOMS

Dit is nie altyd opwindend nie en soms trek jou oë skeef van die alewige fynskrif in kontrakte. Tog weet ons dit word vir 'n rede ingesluit, gewoonlik ter beskerming en tot voordeel van die besigheid of instansie wat die ooreenkoms laat opstel het. Onlangs moes die Hof uitspraak gee in 'n aangeleentheid waar 'n huurkontrak ook 'n persoonlike borgstelling ingesluit het van die besigheidseienaar. Die besigheidsvrou het aangevoer dat sy die huurkontrak geteken het, sonder om dit te lees en dat sy nie gebonde gehou kon word aan 'n persoonlike borgstelling wat in die ooreenkoms vervat is nie.

Die Hof bevind dat waar jy 'n ooreenkoms teken, moet jy gebonde gehou word aan die gewone en algemene betekenis van al die woorde en bepalings wat in die kontrak vervat is. Dit volg logies op jou ondertekening van die betrokke kontrak.

Waar jy later wil aanvoer dat jy onbewus was van 'n borgooreenkoms wat in 'n ander ooreenkoms vervat is, rus daar dus 'n swaar bewyslas op jou om die hof hiervan te oortuig.

BENUT DIT OF VERLOOR DIT DALK

Indien jy nie 'n gebruiksreg in jou guns uitoefen nie, of 'n gedeelte van jou eiendom openlik deur 'n derde persoon gebruik word asof die eienaar daarvan is, bestaan die risiko dat jy hierdie (eiendoms)regte deur verjaring kan verloor.

Die verjaringstermyn wat hier ter sprake is, is darem dertig jaar, in teenstelling met algemene siviele eise wat gewoonlik na drie jaar verjaar. Tog kom verkrygende verjaring van grond wel voor. Die Hooggeregshof het onlangs 'n geval tussen aangrensende grondeienaars aangehoor waar beide aanspraak gemaak het op 'n gemeenskaplike gangetjie (stegie) wat die grens tussen hulle uitgemaak het.

Die gebruiksreg oor 'n gedeelte van die gangetjie het behoue gebly, maar die geregistreerde eienaar moes sy eiendomsreg van die res van die gangetjie aan die aangrensende eienaar afstaan.

GRONDE VIR LIKWIDASIE?

'n Aansoek vir die likwidasië van 'n maatskappy (of Beslote Korporasie) wat aan jou geld verskuldig is, kan in 'n gepaste geval, 'n effektiewe invorderingsmetode wees. Dit is egter nie altyd so maklik om te bewys dat die betrokke maatskappy nie in staat is om sy skulde te betaal nie.

Die Maatskappywet kan hier van hulp wees. Lewer by die maatskappy se geregistreerde hoofkantoor 'n skriftelike aanmaning om die verskuldigde bedrag te betaal af. Indien die skuldbedrag nie binne drie weke betaal word nie, word die maatskappy regtens geag nie in staat te wees om sy skulde te betaal nie. Hierdie geagte onvermoë van die maatskappy om sy skulde te betaal, kan dan die basis vorm van 'n aansoek om likwidasië.

As daar egter 'n probleem of selfs tegniese tekortkoming met die aanmaningsbrief is, kan die feit dat die skuld nie betaal is nie, nie gebruik word as voldoende bewys van die maatskappy se onvermoë om te betaal nie.

So die aanmaningsbrief moet reg opgestel en uitgevoer word, anders gaan jou aansoek waarskynlik met kostes van die hand gewys word. Die regskostes in die Hooggeregshof kan baie vinnig oploop en dit kan dus 'n baie duur les word.

TEKSTIELGOEDERE EN DIE ETIKET

Alle tekstielgoedere moet nou die land van oorsprong per etiket aandui en goedere wat van ingevoerde tekstiele of materiale vervaardig word moet ook as sodanig aangemerk word. Nuwe regulasies ter vervanging van die 2005 regulasies, het op 14 April 2007 in werking getree. Dit maak ook voorsiening vir swaar strawwe vir oortredings van die regulasies.

WERKGEWERS EN DIE KORREKTE GEBRUIK VAN 'N PROEFTERMYN

Die meerderheid gevestigde werkgewers is teen hierdie tyd al vertrou met die inhoud en gees van ons arbeidswetgewing. Tog is daar nog 'n minderheid wat onder die indruk vekeer dat 'n werknemer, na afloop van sy proeftermyn, eenvoudig ingelig kan word dat hy nie aan die vereistes voldoen nie en gevolglik sy heil elders moet gaan soek.

'n Bedingingsraad het onlangs weer daarop gewys dat ons arbeidswetgewing van die werkgewer verwag dat werknemers gedurende die proeftermyn opleiding, terugvoering en korrektiewe berading moet ontvang, voordat daar sprake van regmatige diensbeëindiging kan wees. Daar moet steeds 'n geldige rede vir ontslag wees en die gebruikelike prosedures moet gevolg word betreffende voldoening aan werkstandaarde, die werknemer se reg om sy saak te stel en dissiplinêre verhore. Alternatiewe moontlikhede buiten afdanking moet ook oorweeg word.

HUWELIKE EN DOMISILIE

Ons leef al meer in 'n internasionale konteks en die meeste van ons het vriende of familie wat vir lang of kort periodes in die buiteland leef en werk.

'n Suid Afrikaner wat in die buiteland in die huwelik tree (ook buitelanders wat hier trou) se huwelik word geregleer deur die wette van die land waar die man gedomisileer is tydens huweliksluiting. Domisilie word gewoonlik bepaal deur vasstelling van die primêre permanente plek van verblyf.

In Suid Afrika, is paartjies binne gemeenskap van goed getroud, tensy hulle voor hulle huwelik 'n geldige huweliksvoorwaardeskontrak sluit. Die situasie verskil egter van land tot land en is dit dus belangrik om voortydig die nodige aandag hieraan te gee. Hierdie aspek kan tydens egskeiding 'n dramatiese invloed op die partye se onderskeie finansiële aansprake hê.

Ons Hooggeregshof het onlangs 'n saak bereg tussen 'n getroude Nigeriese immigrantepaar. Die Hof het bevind dat Nigeriese reg die paar se huweliksbedeling reguleer. Die gevolg hiervan was dat die partye buite gemeenskap van goedere getroud was. Die vrou het gevolglik geen geldige aanspraak op hulle woonhuis gehad nie, al het sy verkeerdelik aangeneem dat sy die gesamentlike eienaar daarvan was.

Omdat 'n persoon sy domisilie kan verander deur 'n vaste en deurdagte bedoeling om sy vorige domisilie te verlaat en hom permanent te vestig in die land van sy keuse is daar ook onsekerhede wat hiermee gepaard kan gaan.

Ons kan ook net wonder hoe lank die eeuelange gebruik om die man se domisilie as bepalend te beskou, sal oorleef wanneer dit in ons Grondwetlike Hof getoets word. Dan is daar ook burgerlike verbintenisse tussen lede van dieselfde geslag.

Huwelikspartye het natuurlik die geleentheid om enige onsekerheid maklik uit die weg te ruim. Laat 'n behoorlike huweliksooreenkoms opstel en registreer. So neem die huwelikspartye ingeligte en berekende besluite oor die gepaste manier om hul huweliksbedeling te reël.

WEBWERF VAN DIE MAAND: DIE FORMULE VIR GELUK

Robert Louis Stevenson het beweer dat 'n verpligting op ons rus om gelukkig te wees, maar dat ons hierdie verpligting heeltemal onderskat.

Kom jou verpligtinge na, geniet dit en deel dit met die wêreld. Pos jou bydraes op die nuwe "Happiness Formula" wiki (ek verneem 'n wiki is 'n webwerf wat jou toelaat om die inhoud daarvan te verander en aanlynbydraes te lewer). Die webwerf is deur Dilbert se skepper, Scott Adams, geïnspireer. www.happinessformula.pbwiki.com.

Dit lyk vir my duidelik tong in die kies te wees. Die idee is om geluk in 'n formule te definieer. "*Happiness = health + money + social life + meaning*", met verdere formules wat elke komponent van geluk vir jou sal uitlê.

Geestelike sowel as fisiese gesondheid, familiebande, sosiale interaksie, sinvolle bydraes, materiële welvaart en gesonde slaappatrone word as van die kernelemente wat bydra tot jou geluk, uitgelig.

So byvoorbeeld word "*Health = Sleep + PhysicalHealth + Mental Health*", op 'n ander vlak aangedui as "*Sleep = { Schedule x Quality (%) }+ Sleep Technique*".

[Tel +21 \(021\) 941 7777](tel:+21(021)9417777) | [Faks +21 \(021\) 941 7800](tel:+21(021)9417800) | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

As u enige verdere navrae het of bystand benodig kontak ons gerus by:

Litigasie:

George de Beer	george@honeyattorneys.co.za
Nic Barnaschone	nic@honeyattorneys.co.za
Christo Potgieter	christo@honeyattorneys.co.za

Kommersiële Afdeling:

Johan Vermeulen	johan@honeyattorneys.co.za
-----------------	--

Eiendom & Aktes Afdeling

Jacques du Toit	jacques@honeyattorneys.co.za
Danie de Villiers	danie@honeyattorneys.co.za
Charles Koegelenberg	charlesK@honeyattorneys.co.za
Bronwyn Brink	bronwyn@honeyattorneys.co.za

Honey Bloemfontein: Tel: 051 403 6600

Honey Johannesburg Tel: 011 656 1452